# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

FEBRUARIE / MAART

2007

# AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL

HG

Tweede Vraestel : Letterkunde

102-1/2

AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL HG: Vraestel 2

102 1 2 HG

19 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord enige TWEE van die volgende afdelings:

**AFDELING A**
**POËSIE**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.



| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **Vraag 1** | **Hansie en Grietjie** | **3** |
| | **Melkkantien** | **5** |
| | **Die dans van die reën** | **6** |
| | **eksamen** | **7** |
| | **Algemene vraag** | **8** |



**AFDELING B**
**KORTVERHALE**
***Kinders van die aarde* – (Charles Fryer)**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.



| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 2** | ***Rooikoos Willemse is soek* – A.H. de Vries** | **9** |
| | ***Storm op die berg* – W.A. de Klerk** | **11** |
| | **Algemene vrae** | **12** |



**AFDELING C**
**ROMAN**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.



| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 3** | ***Kringe in 'n Bos*-(Dalene Matthee)** | **13** |



**AFDELING D**
**ROMAN**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.



| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 4** | ***Gooi hom in die sloot*-(Roelf van Rensburg)** | **17** |



---

# AFDELING A
## POËSIE

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord elke GEDIG op 'n NUWE bladsy.

## VRAAG 1

***Hansie en Grietjie*** **– E. Castelyn**

***Hansie en Grietjie***

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die kindertjies
afgelaai by die heks se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en -pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in 'n hok
moet hulle soet gaan slaap
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af

**E. Castelyn**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.1 Na watter woonstelgebied in Pretoria, dink jy, verwys "**aan die kant van die son**"? (1)

1.2 Haal die woorde aan uit die gedig wat dieselfde beteken as die volgende:

1.2.1 Stad
1.2.2 Ligte in die stad
1.2.3 Onderwyseres / dagmoeder
1.2.4 Motor
1.2.5 Paaie (5)

1.3 Wanneer laai die ouers die kinders by die kleuterskool af? (1)

1.4 Watter tyd van die dag gaan haal die ouers die kinders? Gee TWEE WOORDE. (1)

1.5 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Haal jou antwoord aan uit die gedig.

Die ouers gee slegs fisiese ondersteuning aan die kinders. (2)

1.6 Wat sal die betekenis van **stiefmammies en -pappies** in hierdie gedig wees? (1)

1.7 "**Tralies**" verwys moontlik na 'n beperkte ruimte. Haal 'n WOORD aan uit die gedig wat dieselfde kan beteken. (1)

1.8 Gee die WOORD wat aandui wanneer Hansie en Grietjie weggeloop het. (1)

1.9 Watter VERSREËL verwys na die harde en onpersoonlike stad? (1)

1.10 Haal die WOORD aan wat bewys dat die kinders nie naby hulle huis is nie. (1)
**[15]**

**EN**

## *Melkkantien* – E. Eybers

***Melkkantien***

Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir soveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na 'n apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

**E. Eybers**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.11 Pas **KOLOM B** se **inligting** by die **feite** in **KOLOM A**. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Melkkantien | A. opgetooi |
| 1.11.2 blink, skoon en kraaknetjies | B. lomp |
| 1.11.3 uitgevat en spoggerig | C. meen |
| 1.11.4 die ou kelnerin se haarkleur | D. waar alles glim (blink) |
| 1.11.5 onhandige spreker | E. vaal en grys |
| | F. verrimpeld |
| | G. hier |

**[5]**

**EN**

## *Die dans van die reën* – E.N. Marais

**_Die Dans van die Reën_**
*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*


1 O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies. En van ver af wink sy met een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

2 Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate,
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

3 Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

4 En haar krale skud.
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

**E.N. Marais**



**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.12 Hoekom, dink jy, is die woestynbewoners so gelukkig oor die reën? (1)

1.13 Hoekom word Suster met 'n hoofletter in die gedig geskryf? (1)

1.14 Watter juwele dra ons Suster in die eerste strofe? Gee TWEE APARTE WOORDE. (2)

1.15 Gee 'n beskrywing van haar juwele. Gee slegs die TWEE APARTE WOORDE. (2)

1.16 Pas **KOLOM B** se **inligting** by die **feite** in **KOLOM A**. Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.16.1 werf | A. eerbiedig Suster deur te kruip |
| 1.16.2 berggier | B. kombers |
| 1.16.3 grootwild | C. donderweer |
| 1.16.4 kleinvolk | D. arend |
| | E. woestyn |
| | F. eerbiedig Suster deur te buk |

(4)

**[10]**

**EN**

***Eksamen* – A. de Vos**

***Eksamen***

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as Franse Revolusies bloedloos stol
sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooiing vind

tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

**A. de Vos**
**Uit:** ***Gebed van 'n groen perske***

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer jou antwoorde in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.17 Wat sê die woord **kakofonie** vir ons van die leerder wat hier studeer? (1)

1.18 Die wyfiesprinkaan maak seker haar eiertjies is veilig en sy neem haar tyd. Watter WOORD beskryf haar aksie? (1)

1.19 Waar stoor die wyfiesprinkaan haar eiertjies om seker te maak dis veilig? Gee TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die gedig. (1)

1.20 Waar stoor mense hulle inligting om seker te maak dis veilig? Haal aan uit die gedig. (1)

1.21 Watter WOORD sê dat sy/hy nie verder in Geskiedenis gaan studeer nie? (1)
**[5]**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

1.22 Pas die gedig in **KOLOM B** by die aanhaling in **KOLOM A**. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1.22.1 | Sy hart het oopgeskiet ... opgeskiet ... en oopgevou | A. Voël |
| 1.22.2 | ... as jy aanhou stap, tienduisend ure | B. Sproeireën |
| 1.22.3 | want alles wat die dood afsny, moet jy laat leef | C. “last grave at dimbaza” |
| 1.22.4 | daar’s iemand in anys | D. Melkkantien |
| 1.22.5 | wat soek sy hier, so afgesloof en stroef | E. Sprokie vir ’n stadskind |

**[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B
## KORTVERHALE

***Kinders van die aarde*** **– Charles Fryer**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.
- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer jou antwoorde in die MIDDEL van die BLADSY.

### VRAAG 2

***Rooikoos Willemse is soek*** **– A.H. de Vries**

**VRAE:**



2.1 Voltooi: Tussen die 2.1.1 __________ en die see, lê daar meer stories rond as klippe en bokspore. En die ergste is dat die meeste van die stories 2.1.2 ______ is. (2)

2.2

2.2.1 Watter span het teen Rooikoos se dorpspan rugby gespeel? (1)
2.2.2 Watter span was die gunsteling om die wedstryd te wen? (1)
2.2.3 Hoekom sou hierdie span die gunsteling wees? (1)
2.2.4 Wie is die skopper in die verhaal? (1)
2.2.5 Wat het aan die einde gebeur wat verhoed het dat enige span gewen het? (1)

2.3

> "Vat maar vir my, ek kom van daardie wêreld af. En my een swak puntjie – nuuskierigheid – is oersterk."

2.3.1 Wie is hier aan die woord? (1)

2.4

> "... maar nugter was hy bloedmin vóór daardie Saterdag waarop die storie begin."

2.4.1 Hoe weet ons dat Rooikoos 'n probleem met alkohol gehad het? Haal TWEE WOORDE aan uit bogenoemde aanhaling. (1)

2.4.2 Hoe het die Barrydalers gehelp dat Rooikoos ernstig na homself gekyk het? Noem TWEE feite. (2)

2.4.3 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Bewys jou antwoord deur slegs EEN WOORD aan te haal.
Daardie Saterdag was Rooikoos dronk en daarna het hy moontlik opgehou drink. (2)

2.5 Noem TWEE eiendomme wat Rooikoos deur sy vingers (keel) laat glip het. (2)

2.6 Waar het Rooikoos gewoon gedurende sy drinkdae? (1)

2.7 Lees die stellings en sê elke keer VAN WIE hier gepraat word.

2.7.1 'n Donkerkopkêreltjie met sulke bakbene (1)
2.7.2 Hy het in 'n vreemde hotel beland. (1)
2.7.3 Kantoorhandjies, bang, mik-mik, hol nes vlakhase (1)
2.7.4 Hulle sou WP laat les opsê. (1)

**[20]**

**EN**

**_Storm op die berg_ – W.A. de Klerk**



**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer jou antwoord in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

2.8 Watter vakansie sou die drie goeie vriende gaan bergklim het? (1)

2.9 Watter gebied sou hulle gaan probeer klim het? (1)

2.10 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Christien was in Ceres op skool. (2)

2.11 Watter voorwaarde het Christien se ouers gestel vir die toer? (1)

2.12 Waar sou Christien volgende jaar gaan studeer? (1)

2.13 Waarheen wil Christien na haar studies gaan? (1)

2.14 Voltooi: Die 2.14.1 _________ het in twee stukke gebreek en Jaco het op 'n rotslys beland. Langs hom het 'n donker 2.14.2 ___________ gelê en toe Tonie by hom kom, was hy 2.14.3 __________ . (3)

**[10]**

**EN**

## ALGEMENE VRAE

2.15 Lees die stelling en sê watter kortverhaal dit verteenwoordig.

2.15.1 Niemand kan 'n mens of dier dwing om aan jou te behoort nie! (1)
2.15.2 Noem die twee hoofkarakters in bogenoemde verhaal. (2)
2.15.3 Watter dier wou nie aan die hoofkarakter behoort nie? (1)

2.16 Watter karakter in ***Die wedloop*** het die

2.16.1 naellope verlede jaar gewen? (1)
2.16.2 hoogspring verlede jaar gewen? (1)

2.17 Waar vind die byeenkoms hierdie jaar plaas? (1)

2.18 Noem EEN uitdaging wat aan die verteller gerig is. (1)

2.19 Hoekom is hierdie twee seuns sulke groot vyande aan die begin van die verhaal? (1)

2.20 Watter insident het veroorsaak dat hulle uiteindelik vriende geword het? (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING C
### ROMAN

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE BLADSY.

**VRAAG 3**

***Kringe in 'n bos* – Dalene Matthee**

**Saul se ervarings en herinneringe**

| |
|---|
| Sy ma kon lees. |
| Sy pa kon nie lees nie. |
| En die mooiste bokkie van almal: die bloubokkie. |

- Gee slegs die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

3.1 Pas die **beskrywing** in **KOLOM B** by die **woord (e)** in **KOLOM A**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER van Kolom A en die toepaslike LETTER uit Kolom B neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.1.1 bloubokkie | A. herinneringe aan Kate |
| 3.1.2 geboorte | B. om op skuld te koop |
| 3.1.3 houtskuur | C. sien Oupoot vir die eerste keer |
| 3.1.4 veertien | D. die wit huis en die biblioteek |
| 3.1.5 ysterkettings | E. galkoppie |
| 3.1.6 goodfor | F. opreg en eenvoudig |
| 3.1.7 Godsiekte | G. Januarie 1860 |
| 3.1.8 verbode | H. Saul het hier gebly toe hy weg is van sy pa. |
| 3.1.9 Bosmense | I. "Onderskat 'n grootvoet en jy's dood." |
| 3.1.10 goue reël van die Bos | J. masels en kinkhoes |

**[10]**

3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die NOMMER en LETTER neer.

3.2.1 Watter beskrywing pas NIE by Saul NIE?

A. Saul is slim.
B. Hy het vir MacDonald gaan werk.
C. Jozef, sy pa, het hom nooit ondersteun nie.
D. Hy was 'n leier, net soos Oupoot. (1)

3.2.2 Joram Barnard en sy vrou het hulle seuns baie dinge geleer. Waarvan het Saul NIE van sy ouers geleer NIE?

A. Die bome en struike
B. Hoe om te lees en te skryf
C. Die voëls en die bokke
D. Hoe om goud uit te spoel (1)

3.2.3 Saul en Oupoot het 'n paar dinge in gemeen gehad. Watter feit is heeltemal verkeerd?

A. Albei dra die skuld vir iets wat hulle nie gedoen het nie.
B Hulle is albei leiers.
C. Albei is verantwoordelik vir iemand se dood.
D. Albei is deur die houtkappers gehaat. (1)

3.3 Hoe oud was Saul toe hy die dorp vir die eerste keer gesien het? (1)

3.4 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Saul het 'n gevoel van vrees vir Oupoot gehad. (2)

3.5 Oupoot en Saul word van iets beskuldig deur Jozef.

3.5.1 Waarvan word Oupoot beskuldig? (1)
3.5.2 Waarvan word Saul beskuldig? (1)

3.6 Watter woord het die houtkappers gebruik in plaas van olifante? (1)

3.7 Watter tegniek het die houtkappers gevolg as 'n olifant hulle gejaag het? (1)


3.8 Sê of die volgende stellings WAAR/ONWAAR is? Sê hoekom jy so sê.

3.8.1 Mister Page was die eerste houtkoper.
3.8.2 Mister Smith en MacDonald het saam 'n nuwe besigheid gekoop. (4)

**[14]**

**EN**

3.9 Gebruik die LEIDRADE om die BLOKKIESRAAISEL te voltooi. Vul die blokkiesraaisel volledig in, MAAR skryf slegs die NOMMER en die ANTWOORD in jou antwoordboek neer.




**DWARS:**

1. Voltooi: Saul het op die Bybel gesweer dat die dag sal kom waarop sy _______ nie meer deur sy skoene sal peul nie.

5. Saul wou op hierdie skip wegvaar en vergeet van alles.

7. Sy woorde: "Jy is van altyd af annerster en eiewys."

8. Kate se boesemvriendin.

10. Saul was _______ jaar oud toe prins Alfred kom olifante skiet het.

**AF:**

2. Saul het homself ook voorgeneem dat hy nie meer met sy _____ in die stof sal loop nie.

3. Prins Alfred het hier gewoon.

4. Hy het goud van Saul gekoop.

6. 'n Verbode naam in die Bos.

9. Saul se eerste liefde.

**[10]**

**EN**

3.10

> 'n Klipgooi van die kwar waar hy die nag gesit het, kry hy die plek waar Oupoot die sirkel tot op sy eie spoor voltooi het.

3.10.1 Hoe lank was Saul nou terug in die Bos? (1)
3.10.2 Wat is Oupoot se verdedigingstaktiek in die Bos? (1)
3.10.3 Wie is amper deur Oupoot getrap toe hy agtervolg is? (1)
3.10.4 Wat het Saul opgetel van die persoon wat deur Oupoot agtervolg is? (1)

3.11

> "Meneer lyk sleg." Ou Martiens Botha herken hom nie.
> "Dis ek, oom Martiens. Saul."

3.11.1 Saul sien vir oom Martiens Botha terwyl hy Oupoot agtervolg. Wat wil Saul vir die oom gee vir die kos? (1)
3.11.2 Wat het oom Martiens vir Saul van Arend vertel wat die waarheid was? (1)
**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D
## ROMAN

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 4

***Gooi hom in die sloot*** **– Roelf van Rensburg**

**PHILIP UYS EN BERTHA UYS**

| Die steenkooldorpie was maar altyd daar, die eerste beelde van sy geheue. |
|---|

**VRAE:**

4.1 Waar het Philip Uys grootgeword? Gee die naam van die dorp. (1)

4.2 Voltooi: Philip Uys se pa was eers 'n 4.2.1 _______ en toe later 'n 4.2.2 _______. (2)

4.3 Watter slegte gewoonte het Philip se pa gehad? (1)

4.4 Hoe het Philip Uys se familie verskil van sy vrou se familie? (1)

4.5 Watter beroep het Bertha Uys se pa beoefen? (1)

4.6 Wat was Philip en Bertha se trougeskenk van haar ouers? (1)

4.7

| "Jy sal gelukkig wees daar, né?" vaar sy driftig uit. "Of die kinders en ek gelukkig gaan wees, kan jou blykbaar nie skeel nie." |
|---|

4.7.1 Watter wonderlike geleentheid het Philip gekry? (1)
4.7.2 Waarheen sal die familie moontlik moet trek? (1)
4.7.3 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Bertha is tevrede dat hulle moet trek uit die arm buurt waarin hulle woon. (2)

4.8 Hoe oud was Philip toe hy die eerste keer in 'n kafee gaan werk het? (1)

4.9 Waarom wou Philip geld verdien het? (1)

4.10 Waaroor het die eienaar vir Philip heel eerste gewaarsku? (1)

4.11 Noem TWEE take wat Philip die eerste dag in die winkel gedoen het. (2)

4.12 Tot hoe laat het Philip die eerste dag by Gunther gewerk? (1)

4.13 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Philip het presies een week vir Gunther gewerk. (2)

4.14 Wat het Philip gedoen toe Gunther die geld optel en vir hom wou gee? (1)
**[20]**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

**VRAE:**

4.15 Lees die volgende stellings / beskrywings en sê VAN WIE hier gepraat word.

4.15.1 Die vervlakste maagsweer is vandag weer op sy ergste. (1)
4.15.2 Hy kyk af gedurende 'n toets (1)
4.15.3 'n Sersant in die Polisie (1)
4.15.4 As sy nog gelewe het, kon hy met haar gepraat het. (1)
4.15.5 Die adjunk-direkteur (1)
**[5]**

**EN**

4.16

> "Hy weet intuïtief dat iets verkeerd is met die hele situasie, maar hy kan nie besluit wat dit is nie."

4.16.1 Wie is die **hy**? (1)
4.16.2 Wat het werklik gebeur, wat hy nie dadelik besef het nie? (1)

4.17

> "Dis beslis Madeline Mostert, besef hy verbaas. Wat sou sy in hierdie rykmansbuurt soek?"

4.17.1 Wie was verbaas om Madeline in hierdie buurt te sien? (1)
4.17.2 Wie woon in hierdie buurt? (1)
4.17.3 Waar woon Madeline? (1)
**[5]**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

4.18 Lees die volgende aanhalings deur en sê

- WIE hierdie woorde gesê het; en
- AAN WIE hulle die woorde gesê het.

Trek 'n kolom in jou antwoordboek en beantwoord die vrae soos volg:

| WIE | AAN WIE |
|---|---|
| 4.18.1 | 4.18.1 |
| 4.18.2 | 4.18.2 |
| 4.18.3 | 4.18.3 |
| 4.18.4 | 4.18.4 |
| 4.18.5 | 4.18.5 |

4.18.1 "Jy!" fluister sy. "Jy het my gister dopgehou." (2)
4.18.2 "Ek wil bedank. Ek sal nie môre kom werk nie." (2)
4.18.3 "Ek is 'n stadsmens! Ek is hier gebore. Ek het hier grootgeword. Ek kan nie daarheen gaan nie!" (2)
4.18.4 "Dis Nic se eie saak as hy verkies om 'n geldwolf te wees." "Ek is maar net ... 'n onderwyser." (2)
4.18.5 "Jy's onskuldig en dis al wat werklik saak maak." (2)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**